Kunswerk 2025

# Skilder met koffie.

## Bewoording:

- Skilder met koffie is ‘n eko-vriendelike  kunsvorm.
- Skilder ‘n prent met koffie. Maksimum grootte A2, montering ingesluit. Geen rame of glas toelaatbaar nie. Prent mag wel met dik plastiek , wat agter, bo op die monteerbord vasgeplak word, bedek word. Verpak netjies.

## Punteskaal:

- Voorkoms - 60%
- Werksgehalte - 40%

## Wenke:

- Cold press waterverfpapier, wat behandel is teen rek of krimp, word aanbeveel. Behandeling kan tuis gedoen word, laat net goed droog word voor gebruik.
- Plak papier op n stewige agtergrond sodat dit nie rond skuif nie.
- Kitskoffie is die maklikste, maar gefilterde moerkoffie kan ook gebruik word.
- Los kitskoffie op in kookwater en laat afkoel.
- Verskillende intensiteite word verkry deur meer of minder water by te voeg. Meng ‘n verskeidenheid sterktes en toets vooraf.
- Gebruik sintetiese kwaste of ou waterverf kwaste in verskillende groottes. Koffie bevat olie en mag jou goeie kwaste beskadig.
- Verskillende tegnieke soos by waterverf kan gebruik word.
- Donker koffiemengsel gee n effense glans teenoor ligte mengsels wat mat vertoon.
- Maak seker dat die verskillende lae goed droog is voordat die volgende lag geverf word. Plaas in son of gebruik haardroeer.
- Teken jou ontwerp met ‘n ligte potlood en gaan lyne oor met n donker koffielyn.GEEN POTLOODLYNE MAG SIGBAAR WEES NIE.
- Gebruik ‘n bruin inkleurpotlood in plaas van ‘n gewone potlood indien verkies.
- Vir ligter effekte verwyder koffie met tissuepapier terwyl dit nog nat is.
- Jy mag detail in bring met ‘n kalligrafie pen en koffie. Toets die sterkte eers want dik, donker koffie skryf nie maklik nie.
- Sprinkel van sout of koffiepoeier is toelaatbaar, maar borsel die korrels deeglik af wanneer droog.
- Koffieskilder en waterverfskilkder is baie dieselfde. Doen navorsing voor jy begin.
- Draai monteringsye toe met kleefplastiek vir beskerming.

Vir meer inligting kontak gerus vir Nicoline le Roux by 082 933 6830.